# ONS blom IN LA ROCHELLE

Hoër Meisieskool | Girls' High School

2015 | no 109

DEAR PARENTS, LARRIES AND FRIENDS

On behalf of the Staff of La Rochelle Girls' High School, I present to you an overview of 2015, the 155th year of our beloved school's existence.

Nanus and Dobbs said: *Like a travel poster, a vision doesn't show you how to get somewhere, but it does present a clear and exciting image of what the world might be like when you arrive. And like a good travel poster, the vision creates wants.* We deliberately did not communicate our wish list, but went about serving La Rochelle's vision by creating an environment of Love, Acceptance and Respect, where young girls can blossom into well-balanced young ladies. In the process, the Larries went the extra mile, raised their own bar and focused on themselves – saving on emotional energy by focusing on themselves and not their "opponents".

Ons leuse as Personeel vir mekaar in 2015 was om nie die een gebeurtenis na die ander na te jaag nie, maar om meer waardering te toon, alles meer te geniet en langer te talm oor wat plaasgevind het. Terwyl ons nou reflekteer op die afgelope jaar, besef ons hoe styf die pas was, en hoe groot die druk, maar ten spyte daarvan, het elke Larrie diep spore getrap.

*Idols*-wenner, Elvis Blue, vat die doel van ELKE persoon se lewe so mooi saam in sy lied, *Spore, ... Ons kan kies wat ons glo, ons kan kies wat ons dink, ons kan kies hoe ons voel en hoe ons woorde klink, kom saam, kom saam, dis al wat dit kos ... ek en jy is gemaak om spore te los ... Hierdie Jaarblad bring hulde aan die spore wat almal in 2015 agterlaat ...*



## AKADEMIE

Die Matrikulante van 2014 laat spore agter wat moeilik geëwenaar sal word! Die klasgroep van 106 kom met hul prestasies in aanmerking vir 'n WKOD-toekenning vir Uitnemendheid. Die groep spog met 'n 100% slaagsyfer, 'n klasgemiddeld van 76,1%, 'n 93,4% B-Graad-toelating, 37 A-gemiddeldes en 326 vakonderskeidings! Dux-leerder, Cassandra Da Cruz, eindig met haar gemiddeld van 96,5% onder die Top 10-presteerders in die Wes-Kaap. Sien volledige verslag.

Die res van die skool het steeds 'n hoë standaard gehandhaaf en die groot getalle uitnemende prestasies by die Akademiese Prestige-Aand getuig daarvan. Talle leerders het vir verskeie olimpiades en kompetisies ingeskryf en inligtingsessies by tersiêre inrigtings bygewoon. Die Loopbaanuitstalling, gereël deur die Kaapse Wynland Kringkantoor, is deur die gr. 9 - 12-leerders bygewoon. Die gr. 8 en 9's ondergaan 'n daglange opleidingsessie oor entrepreneursvaardighede deur die *Banango*-program en die gr. 11's doen skaduwerk by private instansies van hul keuse as deel van hulle Lewensoriëntering-projek.

By die WKOD se *LitNum*-prysuitdeling vir Tale en Wiskunde in Februarie vanjaar, plaas die gr. 9's van 2014 se uitslae ons onder die Top 10 skole in die Wes-Kaap!

In die *Fair Lady* se opname van Topskole in Suid-Afrika, is ons onder die Top 25 in die land, waarvan 22 uit die 25 skole enkelgeslag skole is, met 19 daarvan meisieskole! Ons kwalifiseer nadat *Fair Lady* die Top 100 skole in Suid Afrika met die hoogste B-Graad-toelating in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen van 2014, nader, om 'n spesiale vraelys oor akademiese en buitemuurse prestasies te voltooi.

By die Universiteit Kaapstad se Wiskunde-kompetisie behaal Sammy-Dee Titus (gr. 8) die beste individuele prestasie en Minette Farrell (gr. 8) word in die Bolandspan opgeneem wat aan die SA Wiskunde-kompetisie deelneem. Emma Cloete (gr. 12) se opstel, *MAX*, is opgeneem in *English Alive* en Angeline Smit (gr. 11) verower 'n goue medalje by die *Eskom Science Expo* in Stellenbosch, waarna sy aan die Nasionale Expo in Johannesburg deelneem.

Na afloop van die SA Taalbond Eksamen, beklee Elouise Lourens (gr. 9) die agtste posisie landwyd in die Junior – en Jette Kirsten (gr. 12) die EERSTE posisie in die Senioreksamen!

Die Akademiese Prysuitdeling vind weer in die Toringkerk plaas en as deel van ons 155-jarige vieringe, tree mev. Johanna Heydenrych (Longland), oudpersoneellid van 30 jaar en oudskoolhoof vanaf 1992 tot 2001, as gasspreker op.

## LEARNPAD-PROJEK

Hierdie projek fokus op die gebruik van tablette in die klaskamer en sal in 2016 met méér doelgerigtheid uitgebrei word. Die stadige internetspoed was 'n beperkende faktor op die gebruik hiervan, maar twee optiese vesellyne, gekombineer met 'n "wireless-sein", is verkry wat die spoed sodanig verbeter het dat dit die gebruik in die klasse baie vergemaklik het.

Afrikaans Huistaal, Frans Tweede Addisionele Taal, Geografie, Lewenswetenskappe en Toerisme stel tans belangstel om die 60 tablette te gebruik. Dit staan enige onderwyser vry om van hierdie tegnologie gebruik te maak en elkeen ontvang opleiding. Die vernaamste doel hiervan is om leer meer interessant en relevant te maak.

### AKADEMIE



**WISKUNDE OLIMPIADE (2DE RONDTE)** – AGTER: Elouise Lourens, Michaela Riek. VOOR: Anje Jordaan, Minette Farrell, Sammy-Dee Titus, Mishke James, Ansofi Pretorius, Ané de Kock.



# AKADEMIE



Deputy Headgirl, Emma Cloete's essay, *MAX*, has been included in the 2015 **ENGLISH ALIVE**, an anthology of writing from high schools and secondary colleges in Southern Africa.



Angeline Smit won gold at the **ESKOM SCIENCE EXPO** and silver at the National Competition.



**WISKUNDE** – Minette Farrell is gekies tot die Bolandspan om aan die Suid-Afrikaanse **Wiskunde** Spankompetisie deel te neem.



**SA TAALBOND TWEETALIGHEIDSEKSAMEN** – Jette Kirsten (1ste in Senioreksamen) & Elouise Lourens (8ste in Junioreksamen).



**BIO-SCIENCE OLYMPIAD** – Michaela Riek, Leanka Lombard, Zini Gordon, Aaliyah Essop, Shannon Benjamin, Robyn Broodryk, Chelsea du Plessis en Teague Kruger.



***DE BEERS* ENGLISH OLYMPIAD** – Angeline Smit, Andrea Hofmeyr, Zhivana Davidson, Jordan Willett, Zavia Hammond, Blaine Apollos, Erin Scott and Kristina van Zyl.



***LITNUM*-TOEKENNING** – La Rochelle is as een van die WKOD se 10 uitmuntende skole aangewys vir graad 9 *Algehele Uitnemendheid in Akademiese Prestasie* met 'n 73,9% gemiddeld in Taal en Wiskunde: Adéle Bothma, Adéle Dun en Marieta Laubscher (Wiskunde-leerkragte), Amanda Lochner (Skoolhoof), Christa Vos en Marieta Steyn (Afrikaans-leerkragte) en Gerhard Kroukamp (Departementshoof en verteenwoordig Engels Huistaal).



**LARRIE-ONDERWYSERS PRESTEEER IN DIE WES-KAAP**
NSS-Eksamen 2014 vakgroepe onder die Wes-Kaap Top 10: Marianna Schoeman (Afrikaans Eerste Addisionele Taal, 2de), Christa Vos en Marieta Steyn (Afrikaans Huistaal, 4de), Elmeri van Heerden (Dramatiese Kunste, 3de) en Mariechen Vermeulen (Lewenswetenskappe, 6de).

## PERSONEEL

Die jaar is ingelei met die aanstelling van ons nuwe Adjunkhoof, mej. Nadene van Aswegen, wat voorheen verbonde was aan Hoërskool Hermanus waar sy Departementshoof, Rekeningkunde en Besigheidstudies, was. Sy het onmiddellik die portefeulje van Akademies Hoof oorgeneem en is uiters deeglik en bekwaam in die uitvoering van haar pligte. Mnr. Felix Spies, Lewenswetenskappe en Algemene Wetenskap en mev. Marné Blaauw, Engels, het ook by ons aangesluit en druk reeds hul besondere stempel af.

Troukoors loop hoog en drie dames het in die eg getree: Mevv. Lizanne (du Plessis) Ferreira, Marné (Nel) Pedro en Mariechen (le Roux) Vermeulen. Mag dit die aanloop tot 'n lang en gelukkige verbintenis wees.

Op sportgebied het ons afskeid geneem van die buite-afrigters, mev. Rika Weirich (Tennis) en mnr. O'Neil Simpson (Landloop en Atletiek). Voormalige netbalafrigter, die geliefde tannie Elbie Engelbrecht, het 'n groot droom laat waar word met die vrystelling van 'n Afrigtingsboek en ons was bevoorreg om 'n spesiaal getekende kopie te ontvang.

Ons is trots op mev. Lientjie Olivier wat vanaf 1 April as skoolhoof van Laer Meisieskool La Rochelle, aangestel is. Sy het diep spore by ons getrap en haar reuse-bydrae sal gemis word, maar ons weet dat sy die Laerskool tot nuwe hoogtes sal neem. Mev. Karen Swarts het as Musiekonderwyser oorgeneem en mnr. Johannes Schickerling is as Koorleier van die Skoolkoor en Con Spirito-groep aangestel.

In die koshuis is mevv. Christa Brittz in die plek van Petro van der Merwe aangestel en mevv. Carmen September, Catherine de Bruyn en Anneline Samuels het as Huishoudingshulpe by ons aangesluit. Baie dankie aan mevv. Maggie Jacobs en Averil Hendriks wat na jare se goeie diens, ons vanjaar verlaat het en ons glo dat hulle hul aftrede geniet!

Mev. Marieta Laubscher het besluit om na 21 jaar by La Rochelle op die jeugdige ouderdom van 61 jaar af te tree. Sy is egter steeds bereid om die Wiskunde Matriekklasse in 2016 te onderrig, sowel as die koördinering van die Muurbal te behartig. Saam met mev. Adéle Dun (Vakhoof) het hulle die Wiskunde-departement tot 'n formidabele eenheid opgebou en lewer jaarliks uitstekende resultate. Haar dogter, dr. Chrismè Visagie, een van ons A-kandidate in 2000, praktiseer as mediese dokter op Hartswater.

## SBS



**SBS** – Mev. Lynette Neethling, mejj. Nadene van Aswegen (Adjunkhoof), Amanda Lochner (Skoolhoof), mnr. Gerhard Kroukamp.
**INLAS:** Mev. Beverley Moll

Ons was ook bevoorreg om die dienste van haar man, Gerhard, 'n IT-spesialis by Nedbank, te gebruik tydens die laaste aantal jare se Musiekblyspele. Sy fyn oor vir musiek en talle video-bydraes, het luister verleen aan die produksies. Mev. Laubscher en haar gesin sal altyd 'n deel van die Larrie-ketting bly en ons gun hulle nou meer reis- en ontspanningstyd.



**PERSONEELFUNKSIE** – Die Personeel in ligte luim by Leopard's Leap op Franschhoek.

## NUWE PERSONEELLEDE



Mej. Nadene van Aswegen
Adjunkhoof, Rekeningkunde, Besigheidstudies en EBW.



Marné Blaauw
English Home & First Additional Language.



Lizanne Ferreira
Afrikaans, Geografie & Lewensoriëntering.



Karin Pietersen
Fisiese Wetenskappe & Natuur- en Skeikunde.



Felix Spies
Lewenswetenskappe & Algemene Wetenskappe.



Karen Swarts
Musiek.



Johannes Schickerling
Koor & Con Spirito.







## LARRIE-JUFFROUENS WORD "MEVROUENS"



Juffrou Mariechen le Roux word Vermeulen.



Juffrou Marné Nel word Pedro.



Juffrou Lizanne du Plessis word Ferreira.

## INSTANDHOUDING

Die grootste vreugde hierdie jaar is beslis die voltooiing en inwyding van die *En Avant* Sentrum wat op 12 Augustus 2015 plaasvind. Tydens die amptelike inwyding, is dit bevestig toe die La Rochelle-Skoolkoor saam met Hoër Jongenskool se Cantare-groep optree; mnre. Kockie van der Merwe, Wolfie Ratz en Gerhard Kroukamp die verloop van die bouproses met ons deel en ná die Sêr-groep se optrede, is die leerders vergas met 'n massa-item waarna geel, wit en blou ballonne tot groot vermaak uit die dak gelaat is. Na almal verversings geniet het, is die Sentrum ingewy met verskeie hokkie- en netbalwedstryde.

Hierdie R7-miljoenprojek is deur die Skoolbeheerliggaam van die afgelope ses jaar bestuur en ons bring hulde aan elke ouer, Larrie en oudleerling wat 'n bydrae gelewer het. Onder leiding van Amanda Lochner, Kockie van der Merwe, Rico Basson, Wolfie Ratz, Gerhard Kroukamp, van die skool en die projekspan, het ons drome vlerke gekry en oortref dit ons stoutste verwagtinge! Die projekspan betrokke, was AD Muller, Bernard Frey en Rudolph Schonken van **A3D Architects**, Gerard Adema van **Adema Structural Consultancy**, Greybe Celliers van **AGC Quantity Surveyors**; Hennie Karsten van **Ekcon (Pty) Ltd Engineers**, Richard Schreuder van **TRS Construction (Pty) Ltd., ACA Staalwerke cc.**, John Smit van **SWW Electrical cc.**, Mike Merryweather en Mourwrits de Necker van **Synsport**, Eddie Joyce van **Dri Roofing**, Marius Mostert van **SmartStone**, Andre Nieuwoudt, Willem Maas, Derek Langman van **Departement van Openbare Werke**, Ismail Jakoet en David Deponte van **Wes-Kaap Onderwysdepartement**.

Nie net is die gebou voltooi nie, maar die twee vloeroppervlaktes wat gelê is, voeg nog meer waarde toe. Die voorportaal is stylvol ingerig en die Snoepie is in gebruik geneem. Sportapparaat is aangekoop en 'n reuse-skerm met elektroniese en klankapparaat maak dit regtig 'n multifunksionele kompleks. Die energie van al die groepe wat die Sentrum gebruik, is tasbaar en aansteeklik!

Verdere instandhoudingsprojekte is die opgradering van die Konferensiekamer en Adjunkhoof se kantoor, sowel as die personeel se badkamers. Die Koshuis spog met 'n splinternuwe deurpad, wat met die aanbou daarvan, ook die massiewe waterprobleem aan die sykant van die Koshuis, opgelos het. Die installering van hittepompe by die koshuis is voltooi en vervang die huidige dieselenjin, wat warm water verskaf het.

## AANBIEDINGS

Dit is onmoontlik om reg te laat geskied aan die talle geleenthede wat vir die leerders gebied word. Hier volg 'n opsomming van sommige gebeure:



### KAMPE/SEMINARE/OPLEIDINGSESSIES

- Fiksheidsoefenkamp voor die aanvang van die nuwe skooljaar;
- Gr. 8-Oriënteringskamp by *Mizpah*, Grabouw;
- VCSV/SCA-Kringleiersopleiding in Franschhoek;
- Koorwerkswinkel by Rawsonville;
- Tweedaagse Noodhulp Vlak 1-Opleidingskursus;
- *Peercoaching*-projek: Opleiding van gr. 11 en 12 *Shine* Girls, wat weer op hul beurt die gr. 8's opgelei het;
- *Narconon* Portuurberadingskursus;
- Leerderleierskonferensie, in samewerking met ons borg, die Universiteit van die Vrystaat. Dr. Gillian Arendse, Gavin Keller, Louis Awerbuck en Lisa Swart van *Louis en Lisa*-faam tree as gassprekers op. Leerderleiers van die Kaapse Wynland, Overberg en Weskus Onderwysdistrikte, daag in groot getalle op;
- Landsdienskampe by Touwsrivier, Grabouw en Onrusriver;
- 'n Eerste Franse Fees, aangebied deur mnr. Frans Botha en sy span;
- Opleidingskamp vir die Studenteraad, Koshuisprefekte en graad 11 VRL-lede by Riebeeck-Wes;
- Gr. 11 Seminaar by *Marlenique* Landgoed, Simondium, (vir alle Matrieks van 2016) om La Rochelle se verwagtinge uit te spel;
- *ATKV*-Leierseminare vir gr. 11 (Junie) en nuwe Hoofleiers (Desember);
- Leiersopleiding vir gr. 10- en 11-leerders;
- Gasvryheidsopleiding en -uitstappies na *Grande Roche* (gr. 12), *One and Only Hotel* (gr. 11) en *Zomerlust Restaurant* (gr. 10);
- Gr. 12 Lewenswetenskappe-uitstappie na Tygerberg Hospitaal;
- Gr. 10 en 11 Besigheidstudies-markdae waar hulle hul entrepreneursvaardighede wys.

### GLAMOUR OCCASIONS

- Valentine's Dance organised by Gr 11s;
- Gr 10 Dance with their *Sky is the Limit* theme;
- The Student Council's High Tea with Paarl Girls' High School in our Club House;
- Miss La Rochelle Pageant with the extraordinary theme, *Life*, where Jenna Laughton was crowned as Miss La Rochelle, with First and Second Princesses, Lydia Carstens and Jonicia Blommetjies. The judges were Hannelie Bezuidenhout, Nadia Herbst, Wouter Lombard; Labarré Meissenheimer and Corné van Rooyen;
- Hostel Farewell Dinner with a Parisian flair;
- Matric Farewell at Kronenburg where the Gr 11s took our breath away with their *Chapter 12* theme and the beautiful Matric ladies did us proud!
- The Evening with *Stars at Domaine Brahms*, organised by André van der Burgh, boasted with our own Gézelle Magerman, as well as stars like Schalk Burger, Elana Meyer, Johan Fourie, Caster Semenya, Khodso Mokoena, Justin Ontong and many more! A whopping R200 000 was collected for sports equipment for La Rochelle. A night to remember!

### SPECIAL ASSEMBLIES

- Women's World Day of Prayer;
- Easter Service;
- Interhouse Bible Quiz;
- General Knowledge Examinations;
- Interact outings and special projects;
- Father and Daughter Evening and the 4G Big Brag, creatively organised by the Student Council;
- Mother and Daughter Evening and Fruit Festival by the Representative Council;
- Sotte and Miladies Picnic;
- Maynardville English outing to experience the Shakespeare production, *Othello*;
- Parent Evenings every term; Gr. 8 Introduction to La Rochelle; Gr. 12 Tertiary Institutions Expectations and Information and Gr. 9 Subject Choices Meeting
- Sport and Cultural Prize-Givings.

As stated in our vision, we firmly believe in extra-mural participation to enhance a balanced school lifestyle. During admission of new learners, we place a high priority on proof of current participation.

## MATRIC FAREWELL











Glamorous Matrics celebrate their Chapter 12 at the annual **Matric Farewell** at Kronenburg.

## MISS LA ROCHELLE



The 12 Finalists.



**BEOORDELAARS EN ORGANISEERDERS** – Thereza Landman, Marianna Schoeman, Labarré Meissenheimer, Corné van Rooyen, Nadia Herbst, Wouter Lombard, Hannelie Bezuidenhout, Frans Botha.

## BESOEKERS




**PAASDIENS** – Ds. Jana Visage en Ds. Ryno Els van die Toringkerk saam met mev. Elmien Thom.



**WÊRELDBIDDAG VIR VROUESPREKER** – mev. Marina Olivier (regs) saam met mev. Elmien Thom.

## BESOEKERS



**DIE GIDEONS** – het hul jaarlikse besoek aan La Rochelle afgelê om vir die Graad 8's Bybels uit te deel.



**4G SWIMMING TEAM FUNCTION** – Guest Speaker Ryk Neethling.

## LEIERS










**LEERDERLEIERSKONFERENSIE**

La Rochelle het vir die **6de** agtereenvolgende jaar 'n Leerderleierskonferensie, geborg deur die Universiteit van die Vrystaat, vir leiers van die Wynland-, Weskus- en Overbergdistrikte aangebied. Die leerders is verryk deur die uiteenlopende aanbiedings van Louis Awerbuck & Lise Swart van "WIE IS EK? – MET LOUIS & LISE; Gavin Keller, Hoof van THE SUN VALLEY GROUP OF SCHOOLS en dr. Gillian Arendse, Hoof van THE CENTRE FOR MENTOR, TUTOR AND LEADERSHIP DEVELOPMENT in Stellenbosch.



**PREFEKKAMP** – Die nuwe leiers van 2016 op die jaarlikse Prefekkamp saam met mev. Lynette Neethling (middel regs) en mnr. Gerhard Kroukamp (regs onder).



# GRAAD 11-SEMINAAR



Die Matrieks van 2016 word goed voorberei en opgelei by die **Graad 11-Seminaar**.





Wonder of Jana dit aspris aan mev. Marieta Steyn gedoen het?







Die Koshuis-Vlaghysingseremonie herleef.



VCSC/SCA kamp.

## SPORT EN KULTUUR

Ons was vanjaar geseënd om nie net pragprestasies in en om die Paarl te ervaar nie, maar selfs ook buite ons landsgrense! Lees die onderskeie sport- en kultuurgroepe se verslae. Ek deel graag 'n paar hoogtepunte met u:

- Gézelle Magerman, 2014 Olimpiese Jeugkampioen in die 400m Hekkies, se akkolades vir haar uitmuntende prestasie, is vanjaar verder beloon met berigte in *Women's Health* en *Die Huisgenoot*. Verder het sy toekennings gekry by die Wes-Kaap Sportdinee, is aangewys as *Discovery* se *Rising Star* en *SPAR G-Sport Awards* se Atleet van die Jaar. Hierdie jaar is sy die Afrika-kampioen ná die *CAA* Afrika Junior Kampioenskappe in Addis Ababa, Ethiopië. Sy verdedig ook suksesvol haar SA-titel by die ASA-Atletiekkampioenskappe in Bloemfontein en keer boonop ook terug met 'n silwer medalje in die 4 x 100m Aflos;
- Angeline Smit (D. o/17) bevestig ons uitstekende Atletiekreputasie en verower 'n goue medalje in Gewigstoot en 'n silwer medalje in Diskus by die SA Hoërskole Kampioenskappe in Rustenburg. Christy Nell (D. o/17) verower brons in Paalspring, Marichen van Zyl (D. o/17), brons in Driesprong, en Brithaney Ludick (D. o/15), goud in Driesprong. Behalwe vir Gézelle Magerman se medaljes, verower Louise Conradie, brons in 4 x 400m Aflos, Brithaney Ludick, silwer in Driesprong, Christy Nell, goud in Paalspring en Angeline Smit, brons in Gewigstoot en Diskus by die ASA-Atletiekkampioenskappe in Bloemfontein. Ons Dogters 4 x 100m Aflosspan skitter ook tydens die finaal van die *Varsity Cup*-Atletiekbyeenkoms op Coetzenburg met 'n prag wentyd van 49,59 sek. wat direk op DSTV, Kanaal 206, uitgesaai is. Gézelle, Christy, Manilinde Maritz en Lydia Carstens het die kommentators gaande gehad!
- The Athletes won first place in the Girls' section at the Top 20 Meeting hosted by Sentraal High School in Bloemfontein, as well as the Top 10 Meeting in Bredasdorp. The team also won the PMW Interschools Meeting for the sixth consecutive year and won the Paarl Interschools Athletics event for the second consecutive year against Paarl Gymnasium and Paarl Girls' High. The sweetest victory was winning the 4G Interschools Meeting, the longest standing competition of 23 years, for the THIRD consecutive year. The Larries blossomed on the track as well as on the pavilion.
- Cape Winelands Sport Awards nominees, Gézelle Magerman and Angeline Smit (School Sportswoman of the Year) and the Athletics Team (School Team of the Year) are amongst the Top 3 nominees in their respective categories. We are eagerly awaiting the final results!
- Helen van Rhyn (gr. 12) en Rialene Nel (gr. 11) sit die openbare blootstelling op TV, sowel as EWN, voort as lede van die SA o/19-Onderwaterhokkiespan wat GOUD by die Wêreldkampioenskappe in Castellon de la Plana, Spanje, verower. Hulle klop die kampioene, Nieu-Seeland, in hul opmars en slegs 3 doele word teen die span aangeteken, teenoor die 60 wat hulle opstapel. Met hul terugkeer, is hulle deur die Larries op die Kaapstad Internasionale Lughawe verwelkom.
- Megann Ferreira (Gr. 12) and Jordan Willett (Gr. 10) took part in the National Schools' Debating Championships. Megann was elected for the World Schools' Debating Championships in Romania, where their team lost only one of their competitions in the Semi-Finals. The Debating Team of Megann, Jordan, Annabel Moore and Erin Rencken also made us proud by winning the All Girls' Festival in Bloemfontein – a first for La Rochelle! Furthermore, after winning the Western Cape Model UN Debating Conference, Jordan and Sammy Chordnum, and 2 learners from New Orleans Secondary School, participated in the National Conference.
- Lauren Pharao (gr. 11), Claudia Grové (gr. 11), Savannah Borg (gr. 10) en Danielle de Villiers (gr. 9) tree gereeld by Sangkompetisies en op openbare verhoë op en hulle liedjies en optredes is ook op die internet te sien.
- Anita Botma (gr. 10) behaal 'n agtste plek landwyd by die *ATKV*-Redenaarskompetisie vir haar voorbereide toespraak en die Skoolkoor kry 'n silwer toekenning by die Eerste Rondte van die *ATKV*-Applouskompetisie. Die *SAIIA Quiz*-deelnemers behaal 'n skitterende derde plek uit 50 skole, terwyl die Sêr-groep in 'n plaaslike kompetisie, aangebied deur Hoërskool Gimnasium, die dogtersgroepe van Hoërskool Gimnasium en Hoër Meisieskool Paarl, wen. 'n Groot groep Larries presteer ook uitstekend by die Paarl-Vallei, Stellenbosch en Tygerberg Internasionale Eisteddfods.
- Die skoolkoerant, *Die Avanti*, maak sy eerste elektroniese verskyning en ons sien uit na die opwindende uitbreiding van die artikels. Dankie aan mev. Marné Pedro en die *Avanti*-Redaksie vir die inisiatief.
- This year the All Girls' Schools Festival was hosted by Oranje Girls' High School in Bloemfontein. It remains the best celebration of sport and cultural activities in public girls' schools in South Africa. As already reported, the Debating Team did excellently, and the extremely young u/18A Netball Team also did us proud by coming second in the Finals to Oranje Girls' High School and Tatum Maher received the award for Best Centre Court Player. Watch this space next year.
- The u/18A Netball Team took part in the Waterkloof Tournament in March for the first time. They came second in the *Spar* Tournament at Clanwilliam, after losing against DF Malan High School and finished off the season with great results. Leandra Custodio (u/15), Ghéte Pegram (u/16) and Willow-Ruby van der Berg (u/17) represented the respective Boland Teams in the Regional Tournament in Riversdal. Tatum Maher, Chéri de Villiers and Georgina Kapa (u/14), Jana Scholtz (u/17) and Jonicia Blommetjies (u/18) represented Western Cape at the National Tournament in Sasolburg, where the u/14 and u/18 Teams won gold and Jana was selected for the SA u/17 Squad.
- Bronwyn Haasbroek (Gr. 11) and Catherine Zöllner (Gr. 12) were selected to represent the Western Cape at the *SANESA* Equestrian National Championships in Pretoria. Catherine also had the honour to be selected as Captain of both the Boland and Western Cape Teams.
- The Hockey girls who performed at the Boland Regional Tournaments were Robyn-Susie Luis and Tatum Maher (u/14), in Bloemfontein; Teagan Maher, Tamson van Rooyen and Jandri Oosthuizen (u/16) – who came second out of ten teams in East London; Andréa Maasdorp and Jani van der Merwe (u/18), who won gold from eight teams in George. Melissa Sampson (u/16B), who came second out of six teams, and Angie du Plessis (u/16A), who won gold out of six teams at the National IPT Tournament held in Stellenbosch.
- Other achievements were Jani van der Merwe and Micola Soenies who participated in the National Cross Country Championships in East London; Nicole Donnelly, rated amongst the Top 32 Tennis Players in the country, and also winning the u/16 Doubles at the SATA WP Mini 5 Tournament; Amie Grier and Chanel de Kock were selected to represent Western Cape Rhythmic Gymnastics at the National Championships in Johannesburg.

## UNDERWATER HOCKEY



Rialene Nel and Helen van Rhyn.




Welcome home, Champs!



**BOLAND NETBAL** – Chéri de Villiers, Tatum Maher & Georgina Kapa (o/14), Leandra Custodio (o/15), Jana Scholtz & Willow-Ruby van der Berg (o/17) & Jonicia Blommetjies (o/18).



Suid-Afrikaanse **o.17-Netbal-Oefengroep** – Jana Scholtz.



**TENNIS** – Nicole Donnelly.



**BOLAND HOKKIE** – Tatum Maher, Robyn-Susie Luis, Melissa Sampson, Angie du Plessis, Jandri Oosthuizen, Tamson van Rooyen, Teagan Maher en Jani van der Merwe.



**BOLAND RHYTHMIC GYMNASTICS** – Amie Grier, Chanel de Kock & Josephine Bellmunt.

## ATLETIEK



**THE DISCOVERY RISING STAR AWARD** was presented to our own Larrie-sprinter extraordinaire, Gézelle Magerman. She won gold at the Youth Olympic Games 2014, South Africa's only medal at the event, setting a new South African record in the process.



**ASA-JEUG EN JUNIORKAMPIOENSKAPPE** – Angeline Smit, Tatum Maher, Louise Conradie, Christy Nell, Brithaney Ludick en Gézelle Magerman.




Die o/18-Aflosspan met Lydia Carstens, Manilinde Maritz, Christy Nell en Gézelle Magerman by die **VARSITY CUP-Atletiekbyeenkoms**.

## SANESA



Bronwyn Haasbroek on Chocolat.



Catherine Zollner on Pacino.

## AVANTI ONLINE




**4 WAYS HOW TO ACCESS THE ONLINE AVANTI:**

1) Download the ISSUU app on your mobile phone by following these easy steps: register and log in, search Avanti, enjoy your termly news.
2) Visit the La Rochelle Facebook page and follow the link.
3) Go to www.larries.co.za, click on the "news" icon and open the latest Avanti on your internet browser.
4) The magazine can be downloaded in PDF format should you wish to print a copy.



Wenners van Interskole-Sêrkompetisie 2015.



**SAIIA QUIZ** – Emma & Jessica Louw, Annabel Moore & Lerine Eksteen came 3rd in the 23rd South African Institute of International Affairs Quiz.



## WORLD SCHOOLS' DEBATING CHAMPIONSHIPS



ARGO semi-final.



Exploring Ploiesti, Romania before Round 1.

## DEBATING



Jordan Willett & Megann Ferreira.



La Rochelle Peercoaches "**SHINE**"-ed this year.

## *ATKV*-REDENAARS



Anita Botma behaal die 8ste plek landwyd in die **ATKV-Redenaars** komeptisie.

# KULTUUR



**EISTEDDFOD BEKERWENNERS** – Parel-Vallei, Stellenbosch & Tygerberg **Eisteddfod Bekerwenners**: Cara Paulse (Senior Klavier & Senior Viool – Hoogste Punte), Zavia Hammond (Woodwind – Sharing Woodwind Cup of Best Performer), Johanné van der Westhuyzen (Afrikaanse Voordrag), Anika Walters, Lerine Eksteen, Gemma Hall & Lida-Mari Fick (Senior Blokfluit – Beste Senior Ensemble), Ansofi Pretorius & Lauren Pharaoh (Senior Klavier – Beste Ensemble), Cathryn Barker (Senior Sang – 16 jr en onder). Ander toekennings sluit in: Lauren Pharaoh (Senior Sang – 15 jr en onder), Courtney Thiel (Klassieke Kitaar – Beste Presteerder), Gemma Hall (Senior Recorder – Best General Performer), Gemma Hall & Lida-Mari Fick (Senior Recorder – Best Senior Duet), Gemma Hall (Senior Recorder – Senior Trophy winner) & Ansofi Pretorius (Belowendste Klavierspeler).

## BEDANKINGS

Dankbaarheid is nie vreugde oor die feit dat jy beter daaraan toe is as ander nie, óf dat dit 'n vergelyking is nie. Dit is die WAARDERING van die POSITIEWE dinge in jou lewe. *'n Dankbare persoon besef dat hy of sy niks gedoen het om die spesifieke bate te ontvang nie, dit is vrylik gegee. Dit is 'n geskenk.* – Emmons & McCullough

As ons erkenning gee en dankie sê, is dit ook met die raad wat Paulus aan Timotheus vir sy gemeente gegee het:

1 Timotheus 6:17-19: *Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hul hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God, wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegger vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.*

The Annual would not have been possible without the long hours and creative energy of Mesdames Lynette Neethling (who is handing over the reigns after 22 years) and her team, Mariechen Vermeulen and Marianna Schoeman.

On the professional side, we receive support from the Western Cape Education Department, the Director of the Cape Winelands Schools District, Mr Juan Benjamin, and from Circuit 2, the Circuit Manager, Mrs Linda Marais and IMG Manager, Mr James Genis, and staff. The various unions and FEDSAS also contributed to the above support system.

The newly elected School Governing Body, under the leadership of Mr Kockie van der Merwe, provides unequivocal support and guidance. The various subcommittees created new energy and contributed to new projects and ideas. Thank you to Mrs Leanie Venter and Mr Henko Smit, who were not available for re-election, but left their footprints. Thank you too to the PTA and parents helping out at functions and sports meetings. Mrs Pikkie Kannemeyer and her team deserve all the accolades they received after managing and hosting a beautiful and successful reception at the 4G Interschools Athletics Meeting this year! The creative Mesdames Maria Bellmunt co-ordinated the Gr. 10 Dance, Lilla van der Merwe, the Valentine's Dance, and Anneldi van Rooyen, the Matric Farewell. Ladies, we appreciate your contributions and all the mothers helping you.

This year, once again, saw numerous reunion groups getting together and sharing their footprints in La Rochelle. Thank you to Mrs Josephine Spies and her team for creating the platform for the Past Pupils. Our Facebook page, managed by Mrs Elmien Thom, is an example of and testimony to the pride and excitement amongst them. Past Pupils and friends of La Rochelle who serve on the *La Rochelle, Ruyswyck and En Avant Trusts* – we would like to extend our gratitude towards you.

In our inner circle, we are grateful to the Hostel Staff, Mrs Sonnet Vorster and her husband, Andries, Mrs Lida Hendrikse and Ms Adéle Bothma. Together they create a wonderful environment for the boarders. We also saw creative energy and valuable input from the Hostel Committee in the recreation hall and foyer. Their presentation of *Fresh on Faure* for all the La Rochelle ladies, was a feast for the eyes, which left us with inner peace. They left beautiful footprints!

Our dedicated ground and administrative staff deserves a major round of applause for their dedication and going-the-extra-mile attitude! Thank you to Mesdames Elizabeth Ulyate, Liana Lourens, Christa Bothma, Mr Peter Whitmore and all the other team members.

Thank you to the Staff members for their professionalism and dedication, as well as the School Management Team for their support and extra hours. Our new Deputy Principal, Miss Nadene van Aswegen, has adapted well and has made her presence felt.

To all the Learner Leaders, Sport and Cultural Committees and Service Clubs of the school – you have made us proud!

Parents, thank you for entrusting us by sending your daughter to La Rochelle.

Larries, thank you for leaving special footprints in all walks of school life.

You were certainly THE BEST YOU COULD BE!

En Avant!

MS AMANDA LOCHNER
2015-10-15

